man wat ... (onduidelik) in dieselfde straat as daardue ander drie mense wat 'sant André vir jou deurgegee het. Kan ek voortgaan?

TWEEDE PERSOON: Roger, gaan voort. (Pouse) 5 Hotel 3, dit is Victor 0.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, kan ons voortgaan?

TWEEDE PERSOON: Gaan voort.

EERSTE PERSOON: Ek sal die van vir jou spel. M-m-o-s-o-e-t-s-a. Hy is ook dood.

TWEEDE PERSOON: Ontvang, gaan voort.

08:02 EERSTE PERSOON: Roger, ek net vir jou sê waar hulle hom geskiet het. Hy is twee keer in die sy geskiet, een keer in die heup, een keer in die maag, oor.

TWEEDE PERSOON: Ontvang. 5 Hotel 3, het jy dalk vir my 'n huisnommer daar? Oor.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, ek sê 660, 660.

08:03 TWEEDE PERSOON: Roger, ontvang. 5 Hotel 3, sal dit wees 'n man of 'n vrou? Oor.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

08:03 EERSTE PERSOON: 5 Hotel 3, dit is Victor 0.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

EERSTE PERSOON: By, stuur, oor.

TWEEDE PERSOON: ... (onduidelik) ontvang?

EERSTE PERSOON: Ek kry so een uit die vyf, oor.

TWEEDE PERSOON: Dit is 'n man, oor. 'n Man. ... (onduidelik) is gewoonlik 'n man.

EERSTE PERSOON: Roger, plus-minus die ouderdom?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

08:04 /...

08:04 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 3.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Hotel 3.

EERSTE PERSOON: Hy is 45.

TWEEDE PERSOON: Roger, ontvang.

---o0o---

08:12 EERSTE PERSOON: Victor 0, Charlie 2.

TWEEDE PERSOON: ... (onduidelik) by stuur.

EERSTE PERSOON: Victor 0, Charlie 2.

TWEEDE PERSOON: By, stuur.

EERSTE PERSOON: Roger, hoeveel lyke het hulle nou weer gekry? ... (onduidelik)

08:13 TWEEDE PERSOON: Ja, staan net by dat ons net gou hulle tel, oor.

EERSTE PERSOON: Roger.

TWEEDE PERSOON: Charlie 2, Victor 0.

EERSTE PERSOON: Stuur.

08:14 TWEEDE PERSOON: Ja, staan net so 'n oomblik by, hier is die kaptein nou. (Pouse) Charlie 2, Victor 0. Charlie 2, Victor 0.

EERSTE PERSOON: Ja, ek kan jou nie lekker ontvang nie, hierdie radio maak simpel.

TWEEDE PERSOON: Ja, daar is net 14 lyke, oor. Net 14 lyke sover.

EERSTE PERSOON: Roger, het hom.

---o0o---

(Telefoon lui)

08:15 EERSTE PERSOON: ... (onduidelik) môre.

KAPT. ROOS: Môre, ek soek vir brig. Venter, asseblief.

(Word deurgeskakel)

DERDE PERSOON: Brig. Venter se kantoor, goeie môre.

KAPT. ROOS /...

KAPT. ROOS: Môre, brigadier Venter, asseblief.

DERDE PERSOON: ... (onduidelik) boodskap neem?

KAPT. ROOS: Dit is kaptein Roos van Vereeniging. Is dit 407013?

DERDE PERSOON: Nee. Nee, kaptein. Met wie wil kaptein praat?

KAPT. ROOS: Met brigadier Venter.

DERDE PERSOON: Nee, sy uitbreiding is ... (onduidelik)

KAPT. ROOS: Hoor hier, waar is ek nou? By watter plek is ek nou.

DERDE PERSOON: Dit is polisie.

KAPT. ROOS: Ja, maar ... (tussenbei)

DERDE PERSOON: ... (onduidelik)

KAPT. ROOS: Ja-nee, brig. Venter het gesê ek moet hom skakel by hierdie nommer en dan vra vir hom. Dit is nou ... (tussenbei)

DERDE PERSOON: Is dit nie brig. Jaap Venter nie?

KAPT. ROOS: Dit is Jaap Venter.

DERDE PERSOON: O, net 'n oomblikkie, hoor. Hierdie is R. Venter.

KAPT. ROOS: Dankie.

DERDE PERSOON: Hallo?

08:16 KAPT. ROOS: Hallo?

DERDE PERSOON: Na wat se uitbreiding toe het hy gesê, na 103?

KAPT. ROOS: Nee, ek weet nie. Hoor hier, hy sal seker by die generaal wees.

DERDE PERSOON: Goed. Net 'n oomblikkie, hoor?

KAPT. ROOS: Dankie.

(Gesprek tussen kapt. Roos en onbekende persoon by hom in die kantoor:

Kapt. Roos: So op die stadium is die telling 15?

Ander /...

Ander persoon: Wel, dit ws 12 positief laas nag.

Kapt. Roos: "Okay", 11 het julle afgeneem en een in die hospitaal.

Ander persoon: Een in die hospitaal, Sebokeng lykshuis toe.

Kapt. Roos: Lykshuis, en dan vanoggend weer, twee vanoggend. Dan is dit 12, 13, 14.

Ander persoon: 12, 13, 14, ja. Moontlik nog heelwat. Ons het laas nag gesê hier gaan nog vanoggend heelwat uitkom.)

---o0o---

08:15 EERSTE PERSOON: ... Victor 0, kan jy my ontvang?

TWEEDE PERSOON: Ja, ek kan.

EERSTE PERSOON: Ja, kan jy net vir my bevestig waar is die lyke?

TWEEDE PERSOON: Ja, dit is Boipatong.

EERSTE PERSOON: Kan jy mysê wat het daar gebeur?

TWEEDE PERSOON: Ja, it is Inkatha's wat die ANC aangeval het.

EERSTE PERSOON: Ja-nee, ek het dit ... (onduidelik) dankie, oor.

---o0o---

08:17 EERSTE PERSOON: 5 Hotel, 5 Foxtrot.

TWEEDE PERSOON: Stuur, adjudant.

EERSTE PERSOON: Gaan julle maar hier vasstaan hier by hierdie toneel?

TWEEDE PERSOON: Positief, adjudant. Sal hierso staan met die Casspir.

EERSTE PERSOON: ... (onduidelik) daar by daardie plakkerskamp ... (onduidelik) nog lyke daar, oor.

TWEEDE PERSOON: ... (onduidelik) hierdie ander Casspirs het

nou /...

nou almal onttrek.

EERSTE PERSOON: ... (onduidelik)

---oOo---

08:18 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Romeo.

TWEEDE PERSOON: By, stuur, 5 Romeo.

EERSTE PERSOON: Ja, ons is kode 1, oor. Vat Boipatong.

TWEEDE PERSOON: Ontvang, dankie. Het julle nie lus om net gou hier by die hek te stop en net gou vir my julle volledige goed te gee van wie op die voertuie is en bewpening nie?

EERSTE PERSOON: Roger, is daardie lys nog nie vir julle gegee nie, die bewapening op die voertuig nie?

TWEEDE PERSOON: Ja, ekskuus hoor, hy sê nou vir my hy het dit al. Dankie, hoor.

---oOo---

08:18 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Hotel 1.

EERSTE PERSOON: ... (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Ja, ons hoor gou. 5 Hotel 1, Victor 0.

EERSTE PERSOON: ... (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Ja, daardie lyke mag glad nie verwyder word, glad nie verwyder word voordat PVHK nie die foto's geneem het nie. Hulle is op pad soontoe.

EERSTE PERSOON: Ja, Ilse, ons weet, hoor. Ons vra net hoe ver is die lykswa.

TWEEDE PERSOON: Ja, ek gaan jou nou sê, oor. Ek sê net vir jou wat hy vir my sê.

---oOo---

08:19 EERSTE PERSOON: 5 Romeo, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Romeo, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, stop gou hier by die hek, dan laai julle

net /...

net vir my die PVHK lede op dat hulle saam met julle uitbeweeg, asseblief.

TWEEDE PERSOON: Goed, maak vir jou so.

EERSTE PERSOON: Dankie baie.

---o0o---

(Telefoon lui)

08:19 EERSTE PERSOON: Polisie, goeie môre.

KAPT. ROOS: Dame, môre. Ek soek asseblief die generaal se kantoor, sy sekretaresse, asseblief. Generaal Erasmus.

DALENE: Generaal Erasmus se kantoor.

KAPT. ROOS: Môre, met wie praat ek nou?

DALENE: Ag, hou net asseblief aan vir my, meneer.

KAPT. ROOS: Dankie.

DALENE: Ag, ekskuus tog, meneer, dit is Dalene wat praat.

KAPT. ROOS: Dalene, môre, kaptein Roos. Gaan dit goed?

DALENE: Eersteklas, kaptein en met kaptein?

KAPT. ROOS: Ag nee, wat. Ons mag mos nie kla nie.

DALENE: Ons kap dit net uit, nè, kaptein.

KAPT. ROOS: Daar is hy, die mense is al weer op my skouers. Hoor hier, sê vir my asseblief net, brig. Venter, Jaap Venter.

DALENE: Ja?

KAPT. ROOS: Is hy daar by die generaal?

DALENE: Hy was hier gewees, maar ek dink hy is al weer terug.

KAPT. ROOS: Is hy al weer terug?

08:20 DALENE: Ja, hy is al weg. Hulle het klaar ... (onduidelik)

KAPT. ROOS: O. Nee, "okay", dan is dit "alright", mevrou. Dankie, hoor.

DALENE: Goed, kaptein.

KAPT. ROOS: "Right", "bye"

---o0o---

08:19 /...

08:19 EERSTE PERSOON: Is daar 'n lyk, André?

TWEEDE PERSOON: Ja, positief.

EERSTE PERSOON: Net een?

TWEEDE PERSOON: Ja, net een.

---o0o---

08:19 EERSTE PERSOON: 5 Hotel 1, 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: By watter huis het hierdie lyk gelê hierso? Oor.

TWEEDE PERSOON: Daar by 666, by 660 en net twee huise van hom af ook, hoor, lê daar nog twee lyke.

---o0o---

08:21 EERSTE PERSOON: Hotel 1, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: André, volgens julle inligting, hoeveel lyke het julle?

TWEEDE PERSOON: Ja, Ilse, hier lê nog baie lyke, oor. Ons het sover vyf gekry, maar hulle sê hier is nog baie, oor. Ons vat maar hier huis tot huis, dan kyk ons.

EERSTE PERSOON: Ja, is dit nou vyf splinternuwe lyke, hulle het niks met gisteraand se 12 te doen nie?

TWEEDE PERSOON: Ja, want ek verstaan gisteraand se 12 is klaar weg, oor. Hierdie vyf lê nou nog hierso, dit is nou nuwe lyke wat hulle ontdek het.

EERSTE PERSOON: Ja, hy het netnou vier lyke vir Haddad deurgegee, nè? Nee, ek jok, twee lyke vir Haddad deurgegee. Is hulle ook splinternuwe lyke, hulle is nie van gisteraand se lyke nie?

TWEEDE PERSOON: Ja, dit is nuwe lyke, oor.

EERSTE PERSOON: "Okay", ontvang, dankie.

---o0o---

(Telefoon lui)

08:22 EERSTE PERSOON: ... (onduidelik) goeie môre.

KAPT. ROOS: Môre, kaptein Opperman, asseblief.

DERDE PERSOON: Hallo?

KAPT. ROOS: Môre, ek soek asseblief vir kaptein Opperman.

DERDE PERSOON: ... (onduidelik)

KAPT. ROOS: Dit is kaptein Roos hierdie kant.

DERDE PERSOON: ... (onduidelik)

KAPT. ROOS: 016-55 5120.

DERDE PERSOON ... (onduidelik)

KAPT. ROOS: That is right.

DERDE PERSOON: 016-55 5120?

KAPT. ROOS: That is right.

DERDE PERSOON: ... (onduidelik)

KAPT. ROOS: Thank you.

---o0o---

08:22 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: By, stuur, kaptein.

EERSTE PERSOON: Kan ek voortgaan met die nuwe lyke?

TWEEDE PERSOON: Gaan voort.

TWEEDE PERSOON: Ja, Roger, dit sal wees Maria, Maria Dlamini van huis 1110. Sy is in die bors met 'n spies gesteek. Dit is in Barolongstraat, oor.

TWEEDE PERSOON: Gaan voort.

TWEEDE PERSOON: Ja, al hierdie voorvalle is in daardie tyd gebeur wat ek vir jou nou-nou gegee het, oor.

TWEEDE PERSOON: "Okay" Roger, gaan voort.

EERSTE PERSOON: Wat soek jy nog?

TWEEDE PERSOON: Ja, Roger, ek sal later weer terugkontak.

EERSTE PERSOON: Roger.

---o0o---

08:22 (Telefoongesprek op kanaal 4, baie dof):

DANE: Môre kaptein ... hou net so bietjie aan ... ja, kaptein. Nee, kaptein, die een lyk vermoed hulle is dood in die hospitaal, né? Hy is nog nie ... (onduidelik) nie, né, so ons het 16 lyke en daardie een lyk by. ... Ja, kaptein. ... Ja, dit is 12 in die lykshuis en dan vier nou opgetel. ... Ja, en dan vier nou opgetel. ... Ja, kaptein, ek het hulle ... (onduidelik) ... lêer, kaptein? Nee, ek het hom nou getel, kaptein, ek tel ... (onduidelik) ... Ja, kaptein. ... Ja? ... Ja, dit is die eerste lyk, né? ... "Okay", dit is Maria is een, asook Flora Kekala, dit is twee, né? ... "Okay", dan ... "okay". ... Flora Kekala. Hou net 'n oomblik, kaptein, hou net gou aan ... Ja-nee, ekskuus, kaptein. Ek wil hulle nou onderstreep met rooi. Een, twee is rooi. Volgende paragraaf ... ja, Maria en daardie Kekala. ... Ja, dit is twee lyke, né? "Okay", ... (onduidelik) ... "okay", dan is dit Martha ... (onduidelik) Thololo is dood, asook Dikitele Thololo. Nou het ons twee, dit is nou altesaam vier. "Okay", dan die volgende bladsy, ... beserings, "okay", dan ... (onduidelik) Okay, dan is daar Mathilda Yube, sy is dood. ... Ja. ... Net een. ... "Okay", so daar is een lyk. ... "okay", dan ... (onduidelik), dan is daar 'n Elsa Maruke(?) dood. Nog 'n lyk. ... "okay", dan huis 625 is daardie Violet, is oorlede ... dit is een en dan Michael ... (onduidelik) is twee, dan Ronica is drie en dan, "okay", dit is drie mense. ... "okay", een, twee, drie, ja. Dan die volgende paragraaf. ... "Okay", dit is dan Anna, Letsogo een, Andries twee, Richardson is drie. ... Dit is reg. ... Daar is drie ... ja. "Okay", dan onder huisnommer ... (onduidelik) swart vrou Gina(?) is oorlede. Een. 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, ek kry 13. ... "Shit!" ... Wag, laat ek

net /

net gou-gou kyk. Hou net so 'n oomblik aan. ... (onduidelik) ... Kaptein, kan ek terugkom na kaptein, laat ek gou ... (onduidelik) "Okay", ek kom terug na kaptein toe. ... "Okay", kaptein. ... "Okay", "bye-bye".

---o0o---

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

08:25 TWEEDE PERSOON: By, stuur, 5 Foxtrot.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, julle sal vir ons meer as een lykswa moet stuur. ... (onduidelik) hierso in Boipatong, oor.

TWEEDE PERSOON: Roger, adjudant.

---o0o---

(Telefoon lui)

08:25 KONST. HADDAD: Stabiliseringseenheid, konstabel Haddad, goeie môre.

TWEEDE PERSOON: Goeiemôre, kan u my dalk help? Ek ... (onduidelik) van die ... (onduidelik)

KONST. HADDAD: Ja?

TWEEDE PERSOON: Die ouens wat gistermiddag gewerk het hier by 13:00 se kant.

KONST. HADDAD: Ja?

TWEEDE PERSOON: ... (onduidelik) wanneer werk hulle weer? Dit is ondersersant Potgieter, konstable Lötter en ... (onduidelik)

KONST. HADDAD: "Okay", hou net gou bietjie aan, ek vind gou uit.

TWEEDE PERSOON: Dankie.

KONST. HADDAD: (Eenkant: Wanneer werk Lötter-hulle weer?) Hallo, kaptein?

TWEEDE PERSOON: Ja?

KONST. HADDAD: Hulle werk vanmiddag 14:00, kom hulle weer op.

TWEEDE PERSOON: ... (onduidelik)

KONST. HADDAD: Ja.

TWEEDE PERSOON: Sê vir my, wie werk nou daar ... (onduidelik)

KONST. HADDAD: U meen van hulle?

TWEEDE PERSOON: Ja. Ek het net drie name genoem, ek weet nie watter een het in die radiokamer gewerk nie.

08:26 KONST. HADDAD: Ek weet Lötter het gewerk.

TWEEDE PERSOON: Ja, werk hy buite, of in die radiokamer?

KONST. HADDAD: Hy het in die radiokamer gewerk.

TWEEDE PERSOON: Radiokamer.

KONST. HADDAD: En wie is die ander twee wat ... (tussenbei)

TWEEDE PERSOON: Ek dink ondersersant Potgieter, hy werk seker buite?

KONST. HADDAD: Ja, ja, hy is buite, ja.

TWEEDE PERSOON: ... (onduidelik) Marais.

KONST. HADDAD: Ek gaan net vir kaptein uitvind wie het presies gistermiddag gewerk. (Eenkant: Haai, wie het gister binne gewerk, Lötter, en?) Hallo, kaptein?

TWEEDE PERSOON: "Yes"?

KONST. HADDAD: Dit sal wees Lötter en Marais, kaptein.

TWEEDE PERSOON: Baie dankie, hoor?

KONST. HADDAD: Reg, kaptein, totsiens.

---o0o---

08:27 EERSTE PERSOON: Victor 0, dit is 5 Fox.

TWEEDE PERSOON: By, stuur, adjudant.

EERSTE PERSOON: Goed, sê vir my, het julle al die lykswa in die hande gekry, en die ondersoekspan, is hulle al op pad hiernatoe?

TWEEDE PERSOON: Ja, Roger, adjudant, ons jaag daardie lykswa aan en die ondersoekspan het Victor gekontak.

EERSTE PERSOON: Wil jy nie net by Victor hoor hoe ver is hulle

nie? Hierdie plek lyk soos 'n slagveld hier binne-in Boipatong.

TWEEDE PERSOON: Roger, ons maak so, adjudant.

DERDE PERSOON: Adjudant, hier waar ek is, is hier twee, oor.

EERSTE PERSOON: Roger, ek is nou daar by jou, André.

---oOo---

08:28 EERSTE PERSOON: Victor 0, Kilo Echo 8.

TWEEDE PERSOON: By, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, is sersant O'Riley daar?

TWEEDE PERSOON: Bevestigend, staan by.

SERS. O'RILEY: By, stuur, sersant.

TWEEDE PERSOON: Daardie voertuig vir sersant O'Riley, gaan voort, sy luister.

08:29 EERSTE PERSOON: Ja, dit is Kilo Echo 8. Kan jy net vir sersant O'Riley sê sy moet majoor Kruger, majoor Kruger, ons eenheidsbevelvoerder, kontak en net vir hom die situasierapport gee van wat in Boipatong aangaan.

SERS. O'RILEY: Ek maak so.

EERSTE PERSOON: Dankie, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Roger.

---oOo---

(Telefoon lui)

08:29 EERSTE PERSOON: ... (onduidelik) goeie môre.

KONST. BOTHMA: Môre, konstabel Bothma van Victor 0.

EERSTE PERSOON: ... (onduidelik)

KONST. BOTHMA: Hoor hierso, daardie lykswa van Bravo Uniform, nè?

EERSTE PERSOON: Ja?

KONST. BOTHMA: Kan julle net asseblief aanjaag daar na Boipatong toe?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KONST. BOTHMA: Asseblief. En daardie ondersoekspan, het julle hulle al gekontak?

EERSTE PERSOON: Die ondersoekspan is gekontak, asook die lykswa.

KONST. BOTHMA: Ja.

08:30 EERSTE PERSOON: Ja, kan jy nie Bravo Uniform bel en van die lykswa sê nie? Ja, ons het hom gekontak, maar ons is nie seker of hy op pad is nie, want daar is nog 'n lyk gekry in De Deur.

KONST. BOTHMA: Ag, asseblief, laat hulle daar na Boipatong toe gaan, daar is omtrent 20 lyke daar.

EERSTE PERSOON: 20?

KONST. BOTHMA: Dit is vreeslik baie, ek het nou bietjie oordryf, maar daar is baie lyke daar.

EERSTE PERSOON: Dit is omtrent 100 mense wat dood is vanoggend. Ons het nou 'n moord gekry in De Deur , buite ... (onduidelik) is ook een.

KONST. BOTHMA: Jis.

EERSTE PERSOON: 'n Selfmoord op die Beaufortpad.

KONST. BOTHMA: Maar laat hulle asseblief so vinnig as moontlik na Boipatong toe gaan as jy hulle weer in die hande kan kry.

EERSTE PERSOON: Sal so maak.

KONST. BOTHMA: Asseblief. En daardie ondersoekspan, jy sê hulle is uit, nê?

EERSTE PERSOON: Ja, wel, hulle is gestuur.

KONST. BOTHMA: "Okay", baie dankie, hoor.

EERSTE PERSOON: "Okay"

KONST. BOTHMA: Totsiens.

---oOo---

08:31 EERSTE PERSOON: Hotel 1, Victor 0. 5 Hotel, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, kan sersant net gou uitbeweeg na die TPA-kantore, net vir maj. Jacobs gaan optel, hy wil ingaan daar.

TWEEDE PERSOON: Negatief, oor. ... (onduidelik)

---o0o---

08:31 EERSTE PERSOON: Kaptein Roos, nog een by, hoor, dit is vyf.

TWEEDE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel.

EERSTE PERSOON: Stuur, 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: Sê vir konstabel Bothma ... (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Ja, ontvang. Watter van jou voertuie is los?

TWEEDE PERSOON: ... (onduidelik), 5 Hotel.

DERDE PERSOON: Ja, 5 Hotel, kanselleer maar daardie storie, ons is besig om hier ander dinge te reël.

---o0o---

08:32 EERSTE PERSOON: 5 Foxtrot, Victor 0. 5 Foxtort, dit is Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Fox, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja Roger, adjudant. Daardie lykswa, hulle sê daar is baie lyke wat hulle moet optel, hy jaag om al sy draaie te maak. Hy sal so gou moontlik daar uitkom. Die ondersoekspan is alreeds op pad, oor.

TWEEDE PERSOON: Ontvang, dankie. Ek dink julle sal moet vir ons Vereeniging lykhuis se mense ook kry om hier te kom help, asseblief.

EERSTE PERSOON: Roger.

TWEEDE PERSOON: Sowel as Vanderbijl, sowel as Vanderbijl.

EERSTE PERSOON: Roger.

---o0o---

08:33 EERSTE PERSOON: 5 Fox, dit is 19 Bravo.

TWEEDE PERSOON: By, stuur.

EERSTE PERSOON: Mag hierdie fotograaf foto's neem hierso, adjudant?

DERDE PERSOON: 5 Fox, 19 Charlie. 5 Foxtrot, 5 Foxtrot, 19 Charlie, berig, oor. 5 Foxtrot, 19 Charlie. ... (onduidelik) 19 Charlie.

---o0o---

08:35 EERSTE PERSOON: Charlie 2, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, ek sit nou met 17 lyke op hierdie stadium, oor.

TWEEDE PERSOON: Negatief, hierdie radio van jou is baie sleg, ek kan jou nie lekker ontvang nie, oor.

EERSTE PERSOON: een sewe, een sewe soos in 17 lyke.

TWEEDE PERSOON: Toemaar, ek sal 'sant ... (onduidelik) vra om net te skakel.

---o0o---

08:35 EERSTE PERSOON: Dit is Charlie 2. 17 lyke, een sewe, 17 lyke, oor.

TWEEDE PERSOON: Roger, staan by.

---o0o---

08:35 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, Ilse, ons het nog vier bygekry. Ek sal vir jou dit ook deurgee. Sover as ons gaan, kry ons nog lyke, oor. Daar sal nog baie meer ... (onduidelik) Ek sal vir jou almal se besonderhede probeer kry en deurgee, oor.

TWEEDE PERSOON: Asseblief, oor.

---o0o---

08:36 /...

08:36 EERSTE PERSOON: Charlie 2, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, ek korrigeer myself, dit is 18, oor. 18. As jy kyk na berigvorm 6 van gisteraand, is daar 13 lyke op en nie 12 nie. So dit is 18 lyke, oor. Die ander sal ek vir jou nou-nou deurgee.

---oOo---

(Telefoon lui)

08:36 KAPT. ROOS: Kaptein Roos, môre.

TWEEDE PERSOON: Goeie môre kaptein, ... (onduidelik) Hier is 'n oproep vir kaptein in my kantoor, asseblief.

KAPT. ROOS: "Okay", ek maak so, "bye".

---oOo---

08:36 EERSTE PERSOON: Roger, Ilse, ek het op daardie vorm wat julle deurgestuur het, kry ek 13 gedood en agt beseer. Roger, sover?

TWEEDE PERSOON: Ja, dit is bevestigend, ek het hulle nou gemerk, dit is 13 dood, oor. Dan het ek vyf nou bygekry, so dit is 18. Hulle rapporteer nog lyke, maar ek het nog nie hulle besonderhede nie, so dit is 18 voorlopig.

EERSTE PERSOON: Roger, getal beseerdes, bly dit voorlopig by agt?

TWEEDE PERSOON: Ek het hulle nog nie getel op daardie lys nie. Laat ek net gou-gou deurgaan, dan sê ek vir jou.

EERSTE PERSOON: Roger, "oaky", ... (onduidelik)

08:37 TWEEDE PERSOON: "Okay".

---oOo---

08:37 EERSTE PERSOON: 5 Hotel 4, 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: 5 Hotel, 5 Hotel 3.

EERSTE PERSOON: Stuur, oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, Schoeman het nie sy radio by hom nie.

Laat jou boodskap kom, ek sien hom.

EERSTE PERSOON: Sê vir hom hy met net met daardie Nyala van hom hier 'n draai maak in die straat waar hy ons gelos het, oor. ... (onduidelik) nodig om hierdie mense hier weg te kry, oor, want almal bondel nou hierso by hierdie huis ... (onduidelik) nuuskieriges, ... (onduidelik) net wegkry ... (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Ontvang.

---oOo---

08:37 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Lima.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, sê my, kan ek vir jou 'n paar lyke deurgee? Oor.

TWEEDE PERSOON: Staan net vir my drie sekondes by, ek tel net gou eers, ek is nou by jou. (Pouse) "Okay 5 Lima, ek is met jou.

EERSTE PERSOON: Roger, eerste ene, reg voor huis 131 Bakwenastraat, reg voor huis nommer 131 Bakwenastraat Boipatong is daar 'n karavaan. In die karvaan, een swart man oorlede. Kan ek voortgaan met sy besonderhede?

TWEEDE PERSOON: Ek luister.

08:39 EERSTE PERSOON: Johannes Khoza, K-h-o-z-a, Khoza. Hy is plus-minus 45 jaar oud.

TWEEDE PERSOON: Het hom, gaan voort.

EERSTE PERSOON: Roger, tweede ene. Is een van hierdie sinkhuisies, nommer 48. ... (onduidelik) Benjamin ek spel sy van, G-e-n-u, ... (onduidelik) 51 jaar oud, ... (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: "Okay", ek wil net vir jou sê, sinkhuis nr. 48, Benjamin en dan daardie van wat jy gespel het, 51 jaar oud?

EERSTE PERSOON: Ja, so plus-minus 51, 52 jaar oud. Kan ek

voortgaan met die volgende een?

TWEEDE PERSOON: Ek luister.

EERSTE PERSOON: Sinkhuis nr. 48, eerste ene sal wees ... (onduidelik)

08:39 TWEEDE PERSOON: Ja, jy het heeltemal uitgesny, ek het van dit nie 'n woord ontvang nie, sê weer.

EERSTE PERSOON: Plus-minus 49 jaar oud.

TWEEDE PERSOON: Ja, negatief, jy het heeltemal uitgesny, ek het net sinkhuis 46 ontvang, niks verder nie. Sê weer?

EERSTE PERSOON: Ja, ek sal weer vir jou sê. Dit is Samuel, ek spel sy van X ... (onduidelik) plus-minus 49 jaar oud.

TWEEDE PERSOON: Ja, van dit het ek net Samuel en 49 jaar ontvang. Sê weer?

EERSTE PERSOON: Ek sê vir jou later verder ... (onduidelik) drom nou hier om my. Ek sal eers 'n bietjie verder aangaan, kyk of ek nie daar 'n beter ligging kan kry nie, oor.

08:40 TWEEDE PERSOON: Ja, asseblief, oor, want ek het nou net die eerste twee ontvang.

---o0o---

08:40 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Romeo.

TWEEDE PERSOON: By, stuur, 5 Romeo.

EERSTE PERSOON: Ja, Victor 0, ons is nou in hierdie gebied, hier by die ingang hier by die garage met die fotograwe, kan ek voortgaan daar met 5 Foxtrot, of 5 Charlie, net by hulle hoor waarnatoe moet ek die fotograwe bring, oor?

TWEEDE PERSOON: Ja, seker, gaan voort.

EERSTE PERSOON: Dankie. 5 Charlie, dit is 5 Romeo, berig oor.

DERDE PERSOON: Dit is 5 Charlie, stuur.

EERSTE PERSOON: Roger, luitenant. 5 Romeo, ons het hier die fotograwe met ons, waarnatoe moet ons hulle bring eerste, laat

ons /

ons van 'n kant af begin, luitenant?

DERDE PERSOON: Roger, jy weet waar die garage is regoor Yskor, by die ingang van Boipatong, is jy met ons?

EERSTE PERSOON: Dit is korrek, luitenant. Ek is hierso op die oomblik.

DERDE PERSOON: Reg, beweeg reguit met daardie pad af, rigting Sharpeville. Waar die fabrieke ophou, draai regs daarso, oor. Dan kan jy daar begin.

EERSTE PERSOON: Ek het so ontvang, luitenant.

---o0o---

EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Hotel 1.

EERSTE PERSOON: Kan ek vir jou nog voortgaan met syfers?

TWEEDE PERSOON: Ja, laat ek net gou my papier regkry. Julle moet maar vir my die tyd rapporteer wat julle hulle gekry het ook, asseblief.

08:41 EERSTE PERSOON: Dit is nou hierdie tyd wat ons hulle kry, oor. So plus-minus hierdie tyd. Dit het hier alles gisteraand so in die omgewing van 21:45, 22:00 se kant gebeur, oor.

TWEEDE PERSOON: Jy sê dat plus-minus 22:00 het die voorval gisteraand plaasgevind?

EERSTE PERSOON: Ja, hulle praat van 21:45 tot 22:00, in daardie omgewing.

TWEEDE PERSOON: "Okay", ek luister, gaan voort.

EERSTE PERSOON: Roger, dit sal wees, Aram, Aram, kan ek ... (onduidelik) ek spel sy van, M-a-t-o-p-e. Dit is 'n nege maande oue babatjie. Hy is by sinkhuis 81 gekry, hy is met 'n skerp voorwerp op sy kop geslaan, oor.

TWEEDE PERSOON: "Okay", laat ek net gou vir jou herhaal. Aram Matope, nege maande oue swart man babatjie. Sinkhuis 81.

EERSTE PERSOON: Positief, oor, skerp voorwerp op die kop geslaan.

TWEEDE PERSOON: Sê net weer?

EERSTE PERSOON: Skerp voorwerp op die kop ge- ... (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Skerp voorwerp op die kop geslaan?

EERSTE PERSOON: Dit is positief, kan ek voortgaan?

TWEEDE PERSOON: Ek luister.

08:42 EERSTE PERSOON: Ja, Roger, by sinkhuis nommer 91 is Maria, ek spel haar van, M-h-l-o-n-g-e-n-i.

TWEEDE PERSOON: Ja, gaan voort.

EERSTE PERSOON: Ja, sy is met skerp voorwerpe gesteek, oor. En 'n onbekende man ook daarso, niemand ken sy naam nie. Dit is 'n swart man. Ek skat hom ook so hierso in die 20's. Hy is ook met 'n assegaai gesteek, oor. Ek kan nie sy besonderhede kry nie.

TWEEDE PERSOON: "Okay", hoe oud is daardie Maria?

EERSTE PERSOON: Ekskuus?

TWEEDE PERSOON: Hoe oud is daardie Maria?

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, hulle weet nie. Dit is onbekend, oor.

TWEEDE PERSOON: "Okay", gaan voort.

EERSTE PERSOON: By sinkhuis 97, kan ek voortgaan?

TWEEDE PERSOON: Ek luister. (Pouse) Sinkhuis 97, gaan voort.

EERSTE PERSOON: Roger, Maria, ek spel haar van, R-a-m-o-d-e-t-s-i, oor.

08:44 TWEEDE PERSOON: Gaan voort.

EERSTE PERSOON: Roger. Daar is 'n man en 'n vrou gekry. Ek gaan voort met sy naam, dit is Simon, ek spel sy van, dit is dieselfde van, hoor, dit is dieselfde van, hy is ook met 'n skerp voorwerp in die lyf gesteek.

TWEEDE PERSOON: Okay, ek het hom, gaan voort.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, ek kry net gou vir jou nog verdere besonderhede, oor.

TWEEDE PERSOON: Okay, so jy het net hierdie vyf lyke op hierdie stadium?

EERSTE PERSOON: Ja, kan ek vir jou voortgaan met nog een?

TWEEDE PERSOON: Ek luister.

EERSTE PERSOON: Ja, dit sal wees "shack" nommer 133, oor, dit is Eliza, ek spel haar van vir jou, dit is M-b-a-t-u.

TWEEDE PERSOON: Oud, hoe oud?

EERSTE PERSOON: 40 jaar oud.

TWEEDE PERSOON: Ja, waaraan is sy dood?

EERSTE PERSOON: Daar is ses, oor, hulle is almal met skerp voorwerpe gesteek.

TWEEDE PERSOON: Ja, sê net vir my, die vorige twee wat jy vir my deurgegee het, daardie Ramodetsi's, hoe oud is die vrou en die man?

EERSTE PERSOON: Onbekend, niemand kan ons help nie. Okay, 50, die man, ag, die vrou is 50 en die man is, Simon is 30 jaar oud, hoor.

TWEEDE PERSOON: Okay, so jy het nou vir my ses lyke gegee, nog iets?

EERSTE PERSOON: Ek staan net gou-gou by.

---oOo---

08:41 SERSANT BOTHMA: Radiokamer, sersant Bothma, môre.

TWEEDE PERSOON: Môre. (onduidelik)

SERSANT BOTHMA: Ja?

TWEEDE PERSOON: Ons het nou net 'n persoon wat geskakel het (onduidelik)

SERSANT BOTHMA: Ja?

TWEEDE PERSOON: (

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Is daar 'n persoon wat besig is om te brand.

<u>SERSANT BOTHMA</u>: O. reg. Met wie praat ek nou?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: (onduidelik)

<u>SERSANT BOTHMA</u>: Reg.

---o0o---

08:44 <u>SERSANT BOTHMA</u>: Hello?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Hello? (onduidelik) daarso by die (onduidelik)

<u>SERSANT BOTHMA</u>: By die?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: (onduidelik)

<u>SERSANT BOTHMA</u>: Ja?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Nou as jy ingaan dan kry jy mos daardie garage.

<u>SERSANT BOTHMA</u>: Van watter kant af kom jy nou in?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: (onduidelik)

<u>SERSANT BOTHMA</u>: Nightclub(?)

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Van die "sewerage farm".

<u>SERSANT BOTHMA</u>: Van die "sewerage farm" se kant af? Okay, ja, ja, ja, ja?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: (onduidelik) daardie garage?

<u>SERSANT BOTHMA</u>: Ja.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: As jy verby die (onduidelik)

<u>SERSANT BOTHMA</u>: Ja, ja?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: (onduidelik)

<u>SERSANT BOTHMA</u>: Ja goed.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: 23 (Onduidelik)

<u>SERSANT BOTHMA</u>: 223053, met wie ...(tussenbei)

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Sersant Strydom.

<u>SERSANT BOTHMA</u>: Sersant Strydom. Goed en dit is 'n persoon wat brand.

TWEEDE PERSOON: Ja.

SERSANT BOTHMA: Reg, dankie. Tot siens.

---o0o---

08:45 EERSTE PERSOON: 5 Golf, 5 Golf, 5 Lima.

TWEEDE PERSOON: 5 Golf.

EERSTE PERSOON: Daar is (onduidelik) op die radio waarmee 'sant (onduidelik).

TWEEDE PERSOON: Ja, ek het 'n radio, oor, ek het 'n radio, 'n Midland(?), een van hierdie nuwe radiotjies daar by my, hy is in my voertuig daar by die eenheid, hoor, ek weet nie wie s'n is dit nie.

EERSTE PERSOON: Ja, dit sal myne wees, wanneer kan ek hom by 'sant kry?

TWEEDE PERSOON: Ja, ek gaan nou-nou in eenheid toe, dan kan jy hom by my kry daar, oor.

EERSTE PERSOON: Roger, dankie, 'Sant.

TWEEDE PERSOON: Met wie praat ek nou?

EERSTE PERSOON: Ja, dit sal konstabel Fritz wees, oor.

TWEEDE PERSOON: Ontvang, is dit jou radio'tjie wat kaptein gister by jou gevat het, nè?

EERSTE PERSOON: Dit is 'n positief.

TWEEDE PERSOON: Okay, ek sal hom vir jou hou, hoor, ek het hom by my, oor.

EERSTE PERSOON: Roger, asseblief.

---o0o---

08:46 EERSTE PERSOON: Sê weer Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: 45 Hotel 1.

EERSTE PERSOON: Ilze, dit is daardie onbekende man, ek het vir jou sy besonderhede, kan ek voortgaan?

TWEEDE PERSOON: Okay, ek luister.

EERSTE PERSOON/

EERSTE PERSOON: Ja, sy naam sal wees S-i-b-i-s-i, ek spel sy van, G-u-d-l-u, oor, hy is 35 jaar oud.

TWEEDE PERSOON: Ek het hom, dankie.

EERSTE PERSOON: Ek het sy naam daarso (onduidelik) opgegee, sy van is Sibisi, oor, jammer.

TWEEDE PERSOON: Okay, so sy naam is daardie Gudlu.

EERSTE PERSOON: Dit is positief.

TWEEDE PERSOON: Thanks, oor.

---oOo---

08:48 EERSTE PERSOON: Lima Victor 0

TWEEDE PERSOON: 5 Lima by, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, kan jy vir my gou daardie besonderhede van joune deurgee?

TWEEDE PERSOON: Roger, ek sal net hier bo op die Casspir klim dat ek 'n bietjie hoogte het, dan praat ek met jou.

---oOo---

EERSTE PERSOON: Okay. (onduidelik) Victor Zero. 5 Hotel, 5 Hotel, Victor 0. 5 Hotel Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Lima.

08:48 EERSTE PERSOON: Ja, 5 Lima, net 'n oomblik. Enige Casspir wat nie nou besig is om lyke te vergader nie, dit is Victor 0. Enige Casspir wat nie huidiglik besig is om vir my lyke te tel nie, dit is Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Het jy 'n probleem, hoor, het jy 'n klagte?

EERSTE PERSOON: Ja, dit is bevestigend, ek soek 'n voertuig om Sharpeville toe te gaan vir 'n "necklace", oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, stuur hom maar.

EERSTE PERSOON: Okay, laat ek net gou die besonderhede kry.

DERDE PERSOON: Ja Roger, as jy in Sharpeville ingaan van die "sewerage farm" se kant af, die eerste garage wat jy kry aan

jou /....

jou regterkant draai jy af, op daardie pad sal jy die lyk kry, oor, wat besig is om te brand.

TWEEDE PERSOON: 0 5 Hotel 1.

DERDE PERSOON: By stuur. By stuur 5 Hotel 1.

---o0o---

08:49 EERSTE PERSOON: Kan ek voortgaan, daar is nog 'n lyk, oor.

TWEEDE PERSOON: Kaptein, net 'n oomblik, net 'n oomblik, hierdie (onduidelik)

DERDE PERSOON: Roger. Staan by, staan by, Sersant O'Riley wil die storie vat.

TWEEDE PERSOON: Kaptein, ek sit (onduidelik) Kaptein, kan ek kaptein nou bel, laat ek net gou daardie lyke vergader daar, dan bel ek kaptein hoor, okay, kaptein, "sorry" hoor, okay, "bey-bey".

---o0o---

08:49 EERSTE PERSOON: Victor 0 5 Romeo.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Romeo.

EERSTE PERSOON: Okay, Roger, ek het nou hierso verbygekom tot verby die fabriek om nou regs te draai, sou dit nou wees in hierdie grondpad in, sal die lyke daar, hierso waar hierdie pad begin, oor.

DERDE PERSOON: Dit is positief, dit is positief, daar reg oorkant jou sal huisnommer 48 wees, die eerste sinkhuis of die tweede een, jy sal sien dit is nommer 48, van daar af begin hulle, oor.

EERSTE PERSOON: Ek het jou ontvang dankie.

---o0o---

08:49 EERSTE PERSOON: Okay 5 Hotel 1, wag vir my 'n sekond, ek is nou by jou. 5 Lima, gaan voort met jou lyke.

TWEEDE PERSOON: Roger, die eerste een wat jy ontvang is een

van /

van die karavaan en die tweede een was daardie nommer 48, sinkhuisnommer 48, jy is nog by sover, nè?

EERSTE PERSOON: Ja, ek soek van die derde een af, sinkhuis 46, een swart man, Samuel, 49 jaar oud, sy van begin met 'n X, gaan voort met die res.

08:50 TWEEDE PERSOON: Dit is X-o-k-o-t-h-o, 49 jaar oud.

EERSTE PERSOON: Hoe is hy dood?

TWEEDE PERSOON: Dit is 'n klomp messteke, ek weet nie of dit messteke of dit skote is nie, maar daar is 'n klomp steke, oor.

EERSTE PERSOON: Okay, al hierdie drie van hulle is almal dood aan steekwonde.

TWEEDE PERSOON: Ek kan nie vir jou dit bevestig nie, dit lyk vir my, ek weet nie of van hulle koeëlwonde ook is nie.

EERSTE PERSOON: Okay, gaan voort, lyk 4.

TWEEDE PERSOON: Roger, hy is ook by huisnommer 46, dit is Julia. Ek spel die van. L-a-t-h-a, sy is nege jaar oud.

08:50 EERSTE PERSOON: Nege jaar oud?

TWEEDE PERSOON: Positief.

EERSTE PERSOON: Okay, lyknommer 5.

TWEEDE PERSOON: Ja Roger, die volgende ene, ek is nie seker of sy dood is nie, sy is hospitaal toe, so ons weet nie of sy dood is nie. Haar naam sal wees Jeremia, ook Latha, sy is 16 jaar oud.

08:51 EERSTE PERSOON: Ja, sê net, o, dit is dieselfde van, daardie Latha.

TWEEDE PERSOON: Dit is positief, sy blyk ook by huisnommer 46, sy is beseer en na die hospitaal geneem, hulle sê met verskeie steekwonde. Dit is moontlik dat sy ook dood is al teen hierdie tyd.

EERSTE PERSOON: Okay, sy is 16 jaar, nè?

TWEEDE PERSOON /...

TWEEDE PERSOON: Dit is positief.

EERSTE PERSOON: Lyknommer 6.

TWEEDE PERSOON: Ja, die volgende een sal wees Samuel Latha, hy is 56 jaar oud, hy is nie oorlede nie, hy is beseer in sy regter ringvinger met 'n koeëlwond.

EERSTE PERSOON: Hoe oud sê jy is hy?

TWEEDE PERSOON: Hy is 56 jaar oud.

EERSTE PERSOON: Regterringvinger?

TWEEDE PERSOON: Linker een, oor.

EERSTE PERSOON: Gaan voort met nommer 7.

TWEEDE PERSOON: Die volgende een sal 'n nuwe huis wees, dit is langs huisie nommer 42, ons weet nie wat is sy nommer nie, daar is geen nommer op hom nie. Een dooie man, Michael, ek spel sy van. M-n-y-i-l-a, hy is plus-minus 40 jaar oud, oorlede.

EERSTE PERSOON: Aan wat?

TWEEDE PERSOON: Onbekend.

EERSTE PERSOON: Okay, lyk nommer 8.

TWEEDE PERSOON: Die volgende een is nie 'n lyk ook nie, dit is by "shack" nommer 8, dit is 'n swart vrou, Anna Molesi, sy is 40 jaar oud, verskeie steekwonde, sy is hospitaal toe geneem, oor.

EERSTE PERSOON: Okay, nommer 9?

TWEEDE PERSOON: Ja nee Roger, dit is nou die laaste vir eers, ek gaan nou eers weer 'n ander pad vat en daar soek.

EERSTE PERSOON: Dankie tog. 5 Hotel 1 Victor 0.

08:53 DERDE PERSOON: Roger, ek gaan nou voort. (onduidelik) onder toe het ons almal se name al deurgegee, oor, af ondertoe.

---oOo---

(telefoon /...

(telefoon lui)

08:49 EERSTE PERSOON: (onduidelik) konstabel (onduidelik) goeie môre.

TWEEDE PERSOON: Ag, net Ilse asseblief.

EERSTE PERSOON: Ek roep haar.

KONSTABEL MYNHARDT: Konstabel Mynhardt.

TWEEDE PERSOON: Veiligheidstak wil weet of julle vir hulle berig kon gee van (onduidelik)

KONSTABEL MYNHARDT: Jong, op die oomblik gaan dit 'n bietjie dol, ons is almal besig om berigvorms te skryf (onduidelik) 'n bietjie later, Tilly.

TWEEDE PERSOON: Okay, hoor.

KONSTABEL MYNHARDT: Goed, Tilly.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik) julle kom help?

KONSTABEL MYNHARDT: As hy wil, as hy die telefoon hier wil beantwoord. Goed Tilly, okay, "bye"

---oOo---

08:53 EERSTE PERSOON: Victor 0, dit is 5 Golf, kan jy vir my die ligging gee van daardie "necklace" in Sharpeville?

TWEEDE PERSOON: Sê net weer.

EERSTE PERSOON: Kan jy vir my die ligging gee van daardie "necklace" in Sharpeville?

TWEEDE PERSOON: Laat ek net vir Bothma kry, hy het die ligging.

EERSTE PERSOON: Is daar man gebrand of is hy besig om te brand?

DERDE PERSOON: Ja, Roger, hy is besig om te brand nog.

EERSTE PERSOON: Waar is dit?

DERDE PERSOON: Ja, as jy van die "sewerage farms" af inkom in Sharpeville in, by die eerste garage draai jy regs af, hulle

sê dit is op daardie pad wat hy besig is om te brand.

EERSTE PERSOON: Met ander woorde, as ek .. (niks verder)

---o0o---

08:54 EERSTE PERSOON: (onduidelik) weet jy hoe moet ek nou voel? Ek het hoofkantoor al gisteraand vroeg gebel daarvan. Ek het luitenant Louw by hoofkantoor het ek al vroeg ingelig daar is 'n voorval. Ja, toe is daar twee lyke gewees.

---o0o---

08:54 EERSTE PERSOON: 45 Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: 45 Hotel 1?

EERSTE PERSOON: Ja Roger, Ilse, hier is nog die laaste een wat ek het, ek dink ons het almal. Kan ek voortgaan?

TWEEDE PERSOON: Okay, gaan voort. Gaan voort, Andrè.

EERSTE PERSOON: Sy naam sal wees Pule, hoor, jy spel hom P-u-l-e, ek sal sy van gee, dit is L-e-k-a-b-e, hy is by "shack" nommer 15, die man is 38 jaar oud.

---o0o---

EERSTE PERSOON: Hello?

TWEEDE PERSOON: Hello.

EERSTE PERSOON: Man, ons moet drie voertuig in Sebokeng gaan (onduidelik). Wat is die kanse dat ons beskerming kan kry?

TWEEDE PERSOON: Jong mevrou, laat ek net gou vir mevrou uitvind.

EERSTE PERSOON: Dankie.

TWEEDE PERSOON: Goed.

---o0o---

08:54 EERSTE PERSOON: (onduidelik) kom in asseblief.

TWEEDE PERSOON: Ook opgekap?

DERDE PERSOON: Ja, almal steekwonde.

TWEEDE PERSOON: Okay, dit is al wat jy het, nè?

DERDE PERSOON /

DERDE PERSOON: (onduidelik) ja, tot dusver.

TWEEDE PERSOON: Okay, daardie voertuig wat tussen-in kom, stuur 'n boodskap.

---o0o---

08:55 EERSTE PERSOON: Sersant (onduidelik), jammer om te pla, hier is 'n vrou van (onduidelik). Hello, mevrou?

TWEEDE PERSOON: Ja?

EERSTE PERSOON: Nie op die oomblik nie, want ons is op die oomblik besig om lyke uit Boipatong uit te haal, die hele straat lê vol lyke daar.

TWEEDE PERSOON: O Vaderland, kan jy vir my naastenby sê hoe laat kan ek u skakel, of ...?

EERSTE PERSOON: So 10:00 se kant, sal dit reg wees?

TWEEDE PERSOON: 10:00?

EERSTE PERSOON: Ja.

TWEEDE PERSOON: Okay, dan skakel ek .. met wie praat ek?

EERSTE PERSOON: Konstabel Mynhardt.

TWEEDE PERSOON: Konstabel?

EERSTE PERSOON: Mynhardt.

TWEEDE PERSOON: Mynhardt?

EERSTE PERSOON: Ja.

TWEEDE PERSOON: Okay, ek sal so 10:00 se kant dan skakel.

EERSTE PERSOON: Nee goed, mevrou.

TWEEDE PERSOON: Baie dankie.

EERSTE PERSOON: Goed, tot siens.

---o0o---

08:55 EERSTE PERSOON: (onduidelik) kom in asseblief.

TWEEDE PERSOON: Victor 0 5 Golf.

DERDE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: As ek by Sharpeville inkom, daar van die "sewerage" /

"sewerage" plaas se kant af, by die eerste garage draai ek regs, die straat voor die garage of die straat na die garage, oor?

VIERDE PERSOON: Ja, Roger, die straat voor die garage.

TWEEDE PERSOON: Dit is op daardie pad, nè?

VIERDE PERSOON: Ja, hulle sê dit is op daardie pad, waar hy so 'n linksdraai maak, hoor.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

---o0o---

08:56 EERSTE PERSOON: (onduidelik) 2, Victor 0. (onduidelik) 2 (onduidelik) 2, Victor 0. 5 Golf 2, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Golf 2, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, beweeg julle asseblief vir my uit na Metalbox, Metalbox in Vanderbijlpark. Daar is blykbaar een helse optog daar, kyk vir my hoeveel mense, wat die situasie is, ek stuur vir jou versterkings as dit nodig is.

DERDE PERSOON: (onduidelik) voertuig, moet ons nou eers daardie "necklace" daar los?

EERSTE PERSOON: Ja negatief, ek het gedog julle is apart hoor, ry julle almal met die bus?

DERDE PERSOON: Negatief, ons ry met die Casspir.

EERSTE PERSOON: O, nee, okay, gaan julle vir my Sharpeville toe, ek sal 'n ander voertuig los kry, ek sal Vanderbijl vra om te gaan kyk net wat gaan daar aan, dan sal ons mense stuur as dit nodig is.

---o0o---

08:56 EERSTE PERSOON: (onduidelik) vier, vyf Casspirs agtermekaar, een van daardie kan ook gou-gou ry, hoor.

TWEEDE PERSOON: Waar is dit? Waar is dit, Bert(?)

EERSTE PERSOON: Daar (onduidelik) daar is omtrent vyf of ses

Casspirs agtermekaar, een van hulle kan ook gaan kyk daar.

TWEEDE PERSOON: Okay, ek het hom so, 5 Lima, Victor 0.

DERDE PERSOON: Victor 0, 5 Lima.

TWEEDE PERSOON: Ja, kan julle vir my gaan kyk wat gaan by Metalbox aan asseblief.

DERDE PERSOON: Ons is op pad, ons is amper daar.

TWEEDE PERSOON: Dank julle baie.

-oOo-

08:57 EERSTE PERSOON: Victor 0 5 Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: 45 Hotel 1.

EERSTE PERSOON: Ag, Ilse, stuur net vir ons 'n ambulans uit hierso, nè, na Slovopark nommer 48, hoor, hier is 'n man wat beseer is in sy hand, oor, hulle soek net 'n ambulans, asseblief.

TWEEDE PERSOON: Ja, ek glo julle sal die ambulans moet inbegelei, waar kry julle hom?

EERSTE PERSOON: Ilse, daardie mense ry die heeltyd nog hierso rond, ek dink hulle is hier in die omgewing, as jy hulle net kontak, hulle is binne-in hierdie gebied, hoor.

TWEEDE PERSOON: O, daardie Casspir van hulle?

EERSTE PERSOON: Negatief, negatief, ek dink amper twee ambulansvoertuie wat hierso rondry.

TWEEDE PERSOON: Ja goed, ek stuur hulle vir jou nou, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, Ilse, ek wil net gou sy besonderhede deurgegee wat beseer is in sy, hy is in sy linkerhand hoor, sal ek voortgaan met sy besonderhede?

TWEEDE PERSOON: Ja, bevestigend.

EERSTE PERSOON: Ja, sy naam sal wees Samuel.

TWEEDE PERSOON: Ek luister.

EERSTE PERSOON: Samuel, L-a-t-h-a (onduidelik) hy is in sy

linkerhand /...

linkerhand, sy kleinvinger en net die vinger langs hom, is hy erg beseer, hoor.

TWEEDE PERSOON: Ja, dit is die een wat 'sant Le Roux ook deurgegee het, Samuel Latha, hy is beseer, 'n koeëlwond in sy linker ringvinger.

EERSTE PERSOON: Dit is positief, jammer ons het hom weer vir jou deurgegee. Kan jy net 'n ambulans vir ons uitstuur, die mense versoek dat 'n ambulans uitgestuur word.

TWEEDE PERSOON: "Sorry", gee maar net weer daardie straat asseblief.

08:58 EERSTE PERSOON: Ons is hierso, by Slovopark, 48, as hy net teen die, die pad wat hier teen die park afloop, net hier verbyry, die mense staan hierso.

TWEEDE PERSOON: Okay, hulle is sterk op pad.

---o0o---

08:57 EERSTE PERSOON: Ja, al die voertuie daar in Boipatong, opdrag van luitenant Celliers, moet hulle al daardie lyke, moet julle net vir die lykswa sê hulle moet Sebokeng lykshuis toe gaan, al daardie lyke hoor, dan van daar af sal hulle dockets oopmaak.

TWEEDE PERSOON: Ja, Victor 0 5 (onduidelik), ons dra oor.

EERSTE PERSOON: "Thanks".

---o0o---

08:59 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Stuur, luitenant.

EERSTE PERSOON: Hier by Metalbox is hier seker so 50, 80, 100 mense, dit is moeilik, so 100, hulle wag vir taxi's hier by die taxi rank by die Metalbox, niks snaaks nie, die taxi's wou nie ingaan nie, nou klim hulle hier buite op, maar hulle is glad nie aggressief nie, so hulle wag maar net vir taxi's.

TWEEDE PERSOON: Ek het hom so, baie dankie.

---o0o---

08:59 EERSTE PERSOON: Okay, 5 Charlie, 5 Delta.

TWEEDE PERSOON: 5 Charlie, stuur, kaptein.

EERSTE PERSOON: 5 Charlie, (onduidelik) weermagdienste ook uitgestuur, hulle is op pad na jou ligging toe, hulle sal met jou kontak, wend hulle aan as jy hulle nodig het, asseblief.

09:00 TWEEDE PERSOON: Dit is maklik, soos hulle by Metalbox links draai hulle (onduidelik) regs draai, ons staan orals op regterhand kan hulle ons sien, dan kan hulle sommer by ons aansluit.

EERSTE PERSOON: Dit is bevestigend, maar as hulle daar kom, wend hulle aan soos julle goed dink, laat hulle saam op een van ons voertuie ry, elke weermaglid (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Goed, kaptein, maak so.

---o0o---

09:00 EERSTE PERSOON: Hello, 5 Alfa, 5 Alfa, 5 Delta.

TWEEDE PERSOON: Kaptein, net 'n oomblik asseblief. 5 Charlie, Victor. Ja, luitenant, hierdie ou van Metalbox is nou op die 'foon, hy sê hulle dreig nou hulle wil Metalbox afbrand as hy nie toemaak nie, hy staan by die garage, wil luitenant hom nie net gou-gou spreek nie, asseblief.

DERDE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Dankie luitenant. Jammer kaptein, gaan voort kaptein.

EERSTE PERSOON: 5 Alfa, 5 Alfa, 5 Delta.

09:01 TWEEDE PERSOON: Al die 19-voertuie, al die 19-voertuie, as julle 'n kansie kry, die kos is reg.

VIERDE PERSOON: Alfa, ontvang.

TWEEDE PERSOON: Ja, die kaptein sê julle kan nie nou onttrek

nie /...

nie, hy sal die kos warm hou vir julle.

VIERDE PERSOON: Ontvang.

---o0o---

09:01 EERSTE PERSOON: 5 Hotel 1, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Sê vir my, hierdie lyke wat jy deurgegee het, is daar strate of is dit maar net huisies, het hulle net huisnommers?

TWEEDE PERSOON: Ilse, hierdie plek, dit is Slovopark, al hierdie "shacks" is in Slovopark. Dit is 'n plakkerskamp hierso, dit is alles hier binne waar dit gebeur het.

EERSTE PERSOON: Okay, spel vir my daardie naam, asseblief.

TWEEDE PERSOON: S-l-o-v-o.

EERSTE PERSOON: Slovopark.

TWEEDE PERSOON: Ja, ek spel vir jou park, p-a-r-k.

EERSTE PERSOON: Hai nooit. Dankie, oor.

---o0o---

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.